

MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

17 MARCH 2011

Prof Carel Boshoff - Hulde

Die Christen-Demokratiese party (CDP) het hulde gebring aan prof. Carel Boshoff wat gister oorlede is, en meegevoel uitgespreek met sy naasbestaandes.

“Prof. Boshoff was ‘n Godsmán wat nie net oor sy ideale vir sy volk gepraat het nie, maar fisies iets gedoen het. Vandag dien Orania as model van wat met harde werk en opoffering gedoen kan word, en hoewel ‘n klein Karoodorpie, is dit in die harte van baie Afrikaners ‘n geestelike metropool,” aldus ds. Theunis Botha, leier van die CDP.

Prof. Carel Boshoff - Tribute

The Christian Democratic Party (CDP) brought tribute to Prof. Carel Boshoff who passed away yesterday, and expressed condolences to his next of kin.

“Prof. Boshoff was a man of God who not only talked about ideals for his people, but did something practical. Today Orania stands as model of what can be done through hard work and self sacrifice, and even though Orania may be small, it serves as spiritual metropolis to many Afrikaners,” says Rev. Theunis Botha, leader of the CDP.

Nuuskommentaar: VCarel Boshoff

Wanneer prof. Carel Boshoff Saterdagoggend finaal ter ruste gelê word, word afskeid geneem van iemand wat diep spore getrap het. Anders as baie leiers wat vir hul volk donderweer gepraat en stofwolke nagelaat het, was Carel Boshoff iemand wat fatsoenlik gepraat, en fisies gebou het. Orania, waarvan hy die vader was, het met sy afsterwe sowat negehonderd inwoners, met nog sowat ‘n honderd wat in die week elders werk en naweke in hul eiendom daar woon. As geestelike tuiste vir die Afrikaner is Orania egter ‘n metropool – ‘n klein Karoodorpie wat by voor- en teenstaanders respek afdwing. Talle leiers, ook van die onwaarskynlikste oord soos die ANC-jeugliga, het hier formeel besoek kom aflê. Almal is hoflik en ordentlik ontvang.

Boshoff het enduit sy lewe hier voltooi. Twee Sondae gelede, toe reeds ernstig siek, het hy die NG kerk op die dorp se diens sittend gelei. In lewe was hy onder meer dekaan van die NG Kerk se teologiese skool in Pretoria. Hy was ‘n tyd lank voorsitter van die Afrikaner Broederbond. Deur SABRA is belangrike werk gedoen om die hartlandgedagte, en uiteindelik die konsep van ‘n volkstaat vir die Afrikaner te vestig toe die meerderheid nog geglo het apartheid gaan so ‘n tuiste oplewer.

Voor prof. Boshoff die leiding geneem en Orania gekoop is, en as kerngebied vir die Afrikaner ontwikkel is, het pogings soos Morgenzon en Philippolis min of meer gekom en gegaan. Sedert Orania as multi-miljoen rand onderneming beslag gekry het, is Kleinfontein op min of meer dieselfde grondslag geloods.

‘n Groot opkoms word Saterdag op Orania verwag wanneer vriend en teenstander verwag word om afskeid te neem van ‘n man wat as rolmodel vir baie gedien het. In baie opsigte was hy die vergestaltung van iemand wat fier en regop was. Hoed in die hand is hy deur die ganse land, respek was sy band. As Godsmán iemand wat nooit geweifel het nie.

Saamstem met dit waarna hy gestreef en bereik het of nie, baie sal sy gedagtenis eer.